

Publication: Rekord Moot (Main)
Publication Date: 15 Jun 2018
Page: 15

AVE: 12686.45
Circulation: 33530
Part: 1 of 1



ABE Midas Naka Bulle se o.20-span het die stryd tussen Pretoria se twee top rugby-akademies verlede week gewen toe hulle Tukkies in die eindstryd van die Carltonbeker o.20-liga geklop het om as nuwe kampioen gekroon te word. Hier ontvang hul kaptein, Enrique Grobler, die trofee van die Blou Bulle se president, Willem Strauss. Regs voor is die Blou Bulle Rugby-unie se Hoof Uitvoerende Beampte, dr. Eugene Hare.

# Juniorkampioene gekroon

**Koos Venter**

Twee nuwe kampioene is verlede week gekroon in die Blou Bulle se topjunior klubligas.

Ná afloop van die Carltonbeker se o.20- en o.21-eindstryde, wat verlede week op Loftus Versfeld beslis is, kan Tukkies en ABE Midas Naka Bulle elk met 'n trofee spog.

Beide die eindstryde is tussen dié twee klubs beslis en nadat die manne van die Moot 'n spannende en opwindende stryd in die o.20-liga naelskraaps met 26-25 gewen het, het die studente kort daarna die bordjies verhang met 'n oorwinning van 34-14 in die o.21-liga.

- Die eindstryd in die o.20-liga het onder sommige toeskouers ook bekend gestaan as die stryd tussen Pretoria se twee sterkste rugby-akademies.

Sowat 13 van ABE Midas Naka Bulle se spelers in dié wedstryd is verbonde aan die Internasionale Rugby-instituut, wat by dié klub gesetel is.

Daarenteen was die meerderheid van Tukkies se spelers ook lede van die Tuks/ Blou Bulle Rugby-akademie.

Dié wedstryd het liefhebbers van klubrugby hoop gegee vir die toekoms juis vanweë die besonder hoë standaard van die spel wat opgedis is. Beide spanne het positiewe, ondernemende rugby gespeel.

ABE Midas Naka Bulle het uiteindelik hul oorwinning verdien met drie drieë teen die twee van Tuks.

- Hoewel ABE Midas Naka Bulle in die o.21-eindstryd as die gunsteling op die veld gedraf het nadat hulle die liga-seisoen onoorwonne afgesluit het, het Tuks hul huiswerk vooraf deeglik gedoen en daarmee waarskynlik die knoop deurgehaak.

Die studente het die verdedigende kampioen veral by die afbreekpunte en in die lynstane geteiken en sodoende verhoed dat hul gevaarlike agterlyn te veel kans kry op die aanval.

Flank, Hanru Sirgel het 'n reuse wedstryd vir Tuks gespeel en ABE Midas Naka Bulle van momentum beroof met sy inklimspel.

Ook in hierdie wedstryd het die spelers bewys dat die standaard van klubrugby op junior vlak gesond is.

Dit was egter 'n genadelose stryd wat baie meer intens verloop het as wat die eindtelling aandui.

'n Vlaag beserings aan ABE Midas Naka Bulle se kant het hul kanse in die tweede helfte erg geknou en hulle moes die wedstryd met slegs 13 spelers voltooi, omdat daar meer beserings as plaasvervangers was.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.